## DIE VOORTREKKER UYS-FAMILIE VANAF 1704*

Die volgende geskiedenis behandel net die direkte afstammelinge van die Voortrekker-Uyse, vanaf die eerste Uys-kolonis wat in die Kaap aangekom het en verder vanaf ou Jacobus Johannes Uys aan wie die Bybel deur die Engelse inwoners van Grahamstad geskenk is.

Die geskiedenis van die Uys-familie in Suid-Afrika dagteken van die begin van die agtiende eeu. Nog voor 1704 het Cornelus Jansen Uys van Leiden, Holland, as kolonis na die Kaap gekom met sy vrou Dirkje Matthysen van Westerhout, Holland. Hulle was die ouers van drie kinders wat nog in Holland gebore is, en met hulle na Suid-Afrika gekom het. Die oudste seun, Dirk Cornelius Uys, het hom in Stellenbosch gevestig en in 1722 in die huwelik getree met Dina le Roux. Uit die huwelik is vyf kinders gebore. Hulle jongste seun, Cornelius Jansen (gebore 1736), is met Alida Maria Swart getroud. Hierdie seun Cornelius en sy vrou Alida was die ouers van die beroemde Voortrekker-aartsvader Jacobus Johannes Uys (gebore 1771) wat die kolonie in 1837 verlaat het. Jacobus Johannes Uys, wat hom in die distrik Uitenhage gevestig het, is met Sussana Magrietha Moolman getroud. Uit die huwelik is vier seuns en een dogter gebore. Die een seun, Petrus Lafras Uys, het later as die Voortrekkerleier bekendheid verwerf.

Petrus Lafras Uys was getroud met sy niggie, Alida Maria Uys.

In die Vyfde en Sesde Kafferoorloë het die dapperheid van Petrus Lafras Uys en sy twee broers, Jacobus Johannes en Jahannes Zacharias, duidelik voor die dag gekom en het bewondering van die Engelse owerheid gaande gemaak. In een geveg het Petrus Lafras Uys agtien van die vyand in die stof laat byt.

Terwyl Petrus Lafras Uys weg was met die grensonluste, het sy vrou Alida Maria in moeilikheid beland deurdat sy 'n huisbediende 'n klap gegee het, wat haar by die owerheid gaan aankla het. Sy is gedagvaar en moes te voet na die hof gaan. Toe sy voor die hof verskyn was sy ontevrede. „Jy moet weet," sê die regter, „ek sit op die regterstoel." Haar antwoord was: „Ek ken net die stoel van Moses, die was heilig, regverdig en onpartydig, maar jy is onheilig, onregverdig en partydig." Sy is toe gestraf.

Hierdie artikel is deur mnr. Petrus Lafras Uys, P.s. Susansburg, Bethlehem aan die redaksie van *Historia* gestuur. Soos uit die artikel blyk is genoemde mnr. Uys, en sy broer Dirk Cornelius Uys, mede-opsteller van die artikel, direkte afstammelinge van kommandant Petrus Lafras Uys, beter bekend as Piet Uys, wat op Italeni op 10 April 1838 teen die Zoeloes gesneuwel het. Benewens genealogiese besonderhede bevat die artikel ook besonderhede oor die lotgevalle van die Uys-familie tydens die Groot Trek. Hoewel hierdie besonderhede nie altyd ooreenstem met die gebeure soos die meeste historici dit vandag aanvaar nie, plaas ons die artikel graag onveranderd omdat dit die gebeure weergee soos dit waarskynlik in die familie Uys van geslag tot geslag oorvertel is. Oor die Italeni-slag bestaan daar nog baie onsekerhede. Daarom word alle bykomende gegewens verwelkom. Die leser word ook verwys na *Voortrekkermense, Deel I*, waar ook herinneringe van familielede, van 'n vorige geslag, weergegee word. Vir volledige genealogiese besonderhede kyk: C. C. de Villiers/C. Pama: *Geslagsregisters van die ou Kaapse Families*, dl. 3, bl. 1000-1005.

Hieroor was die boerekoloniste baie ontevrede, en dit is later deur die familie beskou as die rede vir en begin van die Groot Trek uit die Kaap.

Toe Kmdt. Petrus Lafras Uys terug kom en verneem van die gebeure, was hy baie ontevrede, en is dadelik na die Goewerneur en verwittig hom van sy ontevredenheid, en vra toe toestemming om vir hom 'n ander woonplek te soek. Dit is aan hom toegestaan. In 1834 is hy gekies as leier van 'n kommissie om nedersettingsmoontlikhede in Natal te ondersoek.

Saam met kommandant Petrus Lafras het as lede van die kommissie gegaan Jacobus Johannes Uys, Johannes Zacharias Uys en laasgenoemde se vrou Petrinda Uys; Gert Rudolf, Ewert Potgieter, Matthys Human, Piet Meyer, Salomon Maritz, Machiel Meyer, Jacob van Tonder, C. F. Vermaak, Jacobus Moolman, Adriaan de Lange, Piet Moolman, Johannes de Lange, Christiaan van Schalkwyk.

In Natal aangekom, het Uys verneem dat die land die eiendom van Dingaan is. Sendeling Owen laat hulle toe weet dat die Zoeloe-koning net een straf het, nl. die doodstraf, as iemand 'n oortreding begaan en hy raai hulle aan om Dingaan eers te gaan spreek.

Uys gaan toe met ene Biggar as tolk na Dingaan om te verduidelik wat hy soek, en die land te verken. Dingaan wou 'n waarborg hê om te bewys dat Uys-hulle nie kwaadwillig gekom het nie. Uys gee toe sy jongste broer, Jan Uys, as waarborg. Toe is daar 'n mondelinge ooreenkom getref oor grond tussen Uys en Dingaan, naamlik dat die gebied tussen die Buffelsrivier en Tugela op na die Drakensberge aan hulle afgestaan sal word. Dingaan het ook aan Uys gevra om sy beeste by Sekonyella te gaan haal, wat Sekonyella gesteel het, maar Uys antwoord dat hy niks met die saak te doen wil hê nie omdat hy sy pad skoon wil hou.

Hierop is Uys en geselskap terug na die Kolonie, en terwyl voorbereidsels getref is, het Piet Retief, wetende van die ooreenkoms tussen Dingaan en Uys, getrek.

Kommandant Uys het weer voor sy vertrek uit die Kolonie na die owerheid gegaan om wapens en ammunisie te kry om hom te beskerm. Dit is toe dat die Bybel aan ou Jacobus Johannes Uys gegee is. Melding is hiervan gemaak deur Regter C. Newton Thomson by die inwyding van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1949. Hy was 'n agter-kleinkind van William Rowland Thomson wat die Bybel persoonlik aan die Uyse oorhandig het. Die Bybel berus sedert 1897 in die Staatsmuseum te Pretoria, maar is nou oorgedra na Voortrekker-museum, Pretoria. Dit is destyds op las van die Z.A. Republiek deur die landdros van Vryheid van die toenmalige eienaar vir die som van £150 aangekoop.

Toe Piet Retief by Dingaan kom, maak hy aanspraak op die grond wat aan sy medeburgers toegesê is. Die Retief-traktaat is toe opgestel tussen Retief en Dingaan. Dingaan het ook Retief aangesê om sy beeste wat Sekonyella gesteel het te gaan haal, wat Retief toe gedoen het. Piet

Retief is toe deur Owen gewaarsku dat daar onder die Zoeloes onheil broei. Owen en familie het dieselfde nag op pakosse gevlug tot hulle deur die Tugela was. Die treurige lot van Retief is toe voltrek.

Kommandant Uys se trek het in 1837 in die Vrystaat aangekom. By Blesberg in die land van Maroko het hulle die trekke van die families De Jager, Venter en Moolman teëgekom. Die Uyse het 'n vername en invloedryke groep in die Groot Trek uitgemaak, en ten herinnering aan hulle is daar in die teenswoordige distrik van Dewetsdorp 'n spoorweghalte „Uys Klip" genoem, waar 'n eenvoudige gedenksteen opgerig is deur die Voortrekkers. Die klip was van sandsteen en is later deur die toedoen van President Reitz na die Nasionale Museum te Bloemfontein gestuur.

Kommandant Uys en bejaarde Jan Landman is toe na Suikerbosrand om Potgieter en Maritz te raadpleeg in verband met die strafekspedisie teen Silkaats. Nou het berig van die moord van Piet Retief en die ongelukkige vrouens en kinders in die laers die trekkers in die Vrystaat bereik.

Volgens Eerwaarde Erasmus Smit is toe besluit dat Maritz sou ageer as Heer van die Weeskamer sowel as van die boedelkamer. Terwyl Uys en Potgieter deur die Volk tot Kommandante vir die stryd teen die verraderlike Dingaan gekies is.

Op 10 April 1838 het die kommando's van Uys en Potgieter onverwags op die Zoeloes afgekom en in die slag het Uys gesneuwel, en is sy dappere seun Dirkie gevange geneem. (Hieroor weer later.)

Onder leiding van Andries Pretorius is die stryd weer met die Zoeloes aangeknoop en met die slag van Bloedrivier, 1838, is die Zoeloe-impis verslaan. Die Voortrekker-Uyse het na al die moeilikhede hulle in die distrikte Vryheid en Utrecht en omgewing gevestig.

Jacobus Johannes Uys (A), die aartsvader, was al bejaard gedurende die Groot Trek. Dus is sy trek aangevoer deur sy seun, komdt. Petrus Lafras (B). Waar ou Jacobus begrawe is, is nie bekend nie — heel moontlik te Uysdorings, tussen Maritzburg en Durban.

Kommandant Petrus Lafras Uys (B), gesneuwel 10 April 1838. Volgens Dirk Uys, 'n kleinseun van Petrus Lafras Uys (B), het die familie eers agt maande na die slag van Italeni gegaan om sy oorskot te gaan haal, maar net die stukkende onderbaadjie met die ses metaalknopies[1] is gevind. Daar is ook al baie geskrywe oor waar Piet Uys begrawe is. Na persoonlike navorsing reken ons dat die oorskot van Piet Uys deur wilde diere opgevreet is.

Kmdt. Petrus Lafras Uys (B) het drie seuns gehad: Petrus Lafras Uys (C), Dirkie Uys en Jacobus Johannes (D).

Petrus Lafras Uys (C) het teen die Zoeloes in 1879 op Hlobaneberg, Vryheid, gesneuwel, en is op die plaas Wijdgeleë, distrik Utrecht, Natal, begrawe.

'n Seun van Jacobus J. Uys (D), naamlik Petrus Lafras Uys (E), is getroud met 'n dogter van Lafras Uys (C), dus sy niggie, Maria J. Uys.

1. Tans in besit van die Museum vir Voortrekkeroudhede, Voortrekkermonument, Pretoria. — Red.

Uit hierdie huwelik is gebore Jacobus Johannes Uys (F), Petrus Lafras Uys (G), gesneuwel op Talanaberg, Dundee, in die Tweede Vryheidsoorlog 1899, en is begrawe op die plaas Bloedrivier, distrik Utrecht.

Dirkie Uys, gebore 1823, is nie op Italeni by sy vader gedood nie, maar lewendig na Dingaan geneem. Daar is hy lewendig stukkend gesny en is dus ook nie begrawe nie.

Sy kruithoring is deur 'n jong Zoeloe-matjiesdraer afgeneem, en die Zoeloe het dit self, nadat hy 'n baie hoë ouderdom bereik het, ongeveer 1916-1917, terug gegee. Sy baas by wie hy gewoon het, Eelmans van Rooyen van Greytown, het Dirk Uys, 'n kleinseun van Voortrekker Piet Uys (Dirkie se vader) laat kom. Die Zoeloe het self aan Dirk Uys vertel wat in die slag van Italeni en met Dirkie Uys gebeur het, en toe die kruithoring self aan Dirk Uys oorhandig.[2] Die riempie wat aan die kruithoring is, is van 'n bosbokvel wat Dirkie se moeder, Alida Uys, self gevleg en daaraan gevestig het.

Jacobus Johannes Uys (F) is getroud met Katrina Wessels. Uit hierdie huwelik is gebore Petrus Lafras Uys (H) in 1899, Jacobus Johannes Uys, gebore 1903, oorlede 1964, en Dirk Cornelius Uys (G), gebore 1907.

Die eers- en die laasgenoemde van die drie broers is die opstellers van hierdie artikel.

Petrus Lafras Uys (H)
Dirk Cornelius Uys (G)

2. Tans in besit van die Museum vir Voortrekkeroudhede, Voortrekkermonument, Pretoria. — Red.